

WAT 'N GESIG VERKLAP

Net Aimée Pistorius weet wat in haar gedagtes omgaan – daar in die hofsaal waar haar broer Oscar verskyn op aanklag van moord. Maar van haar gelaatstrekke verklap tog heelwat, sê *Marthie Maré*, skrywer van 'n boek oor gesigontleding . . .

Baie beskou dit as die nuus storie van die eeu: Oscar Pistorius wat aangekla word van die moord op sy vriendin, Reeva Steenkamp.

En met elke hofverskyning is sy suster, Aimée, stil-stil daar. Haar gesig het oornag bekend geword. Elke teken van emosie, geringe beweging of fluistering word deur die wêreldmedia se kameras vasgevang en uitbasuin.

Die eerste keer dat ons bewus geraak het van die lemnaeler se mooi sussie, was toe sy en Oscar in Februarie 2013 op SARIE se voorblad verskyn het. Uit ons onderhoud was dit duidelik hoe sterk die band tussen broer en suster is, hoe belangrik dit vir hulle as familie is om mekaar te ondersteun. Hy het haar beskryf as “een van daardie mense wat jy maklik as vanselfsprekend aanvaar omdat sy so sag is. Ek dink sy gee te veel van haarself.”

Maar al talm die kameras dikwels op Aimée en al het sy een van die mees herkenbare gesigte in die voortslepende hofdrama geword, is daar eintlik baie min oor haar bekend.

In die jaar ná Reeva se dood en daaropvolgende gebeure het van Aimée se gelaatstrekke verander. En daarmee saam ook ooreenkomstige karaktereenskappe, sê *Marthie Maré*, die eerste heeltydse fisioom (gesigontleder) in Suid-Afrika. *Marthie* se boek, *Legkaart van jou gesig – Fisionomie in 'n neutedop* (LAPA-uitgewers), het pas verskyn. Sy het onder meer bekendes se gesig ontleed en ook hul kommentaar oor haar bevindinge gekry.

SARIE het *Marthie* gevra om ook Aimée se gesig te ontleed. Sy het verskillende foto's van haar bestudeer. Die een is tydens SARIE se fotosessie in 2012 geneem. Die res onlangs, tydens die hofsaak vanjaar.

Hier is wat *Marthie* oor Aimée sê. Ons gee ook geredigeerde, verkorte uittreksels uit die boek van sanger Steve Hofmeyr en RSG-omroeper Amore Bekker se ontledings.



AIMÉE PISTORIUS IN 2012

Aimée het hier 'n taamlieke skuins voorkop, wat wys sy kan in prentjies dink en dus haar doelwitte duidelik in haar geestesoog sien. Aimée kan praktiese maniere kry om dit te bereik. Haar spits wenkbroue wys dat sy daarvan hou om in beheer van situasies te wees en sy verpes dit as mense haar tyd mors.

Wanneer haar gesig horisontaal in drie verdeel word, is haar neusgedeelte beslis dominant, wat aandui dat sy ambisieus is. Sy is 'n strategiese beplanner wat projekte logies aanpak. Geld en status is belangrik en sy gee om wat ander van haar dink. Daarom sal sy altyd netjies en stylvol in die openbaar verskyn.

Haar wange is taamliek vlesig (vol) – sy kry dus baie emosionele steun. Die eweredige volheid van haar lippe wys sy gesels maklik en is soms uitgesproke, veral oor sake na aan haar hart. Daar is geheimplooitjies aan weerskante van haar mond – sy verwag dus van ander om haar privaatheid te respekteer.

Haar prominente ken is 'n teken van 'n sterk wil. Sy kan soms hardkoppig optree, maar dit dui ook op vasberadenheid.



AIMÉE IN 2014

Daar is 'n paar gelaatstrekke op Aimée se gesig wat merkbaar verskil op foto's wat tydens die hofsaak geneem is. Daar is ook sigbare verskille tussen gelaatstrekke op die linker- en regterkant van haar gesig. Dit verklap hoe karaktertrekke dus verskil tussen haar privaat persona* en haar openbare persona*. (Sien verduideliking regs onder.)

Aimée se voorkop is nou meer reguit. Visuele denke het plek gemaak vir logiese denke. Die spits hoekies in haar wenkbroue het verdwyn en die reguit vorm van haar regterwenkbrou dui aan dat sy nou meer op feite fokus. Haar linkerwenkbrou het nou 'n ronder vorm, wat wys dat sy sensitief ingestel is op mense na aan haar se gevoelens. Dit kan jy sien wanneer sy na die getuie van haar broer luister. Daar is gereeld 'n hartseer trek op haar gesig en sy kan soms nie die tranes keer nie. Die volheid van haar wange het veral aan die linkerkant verdwyn, wat aandui dat sy 'n gebrek aan emosionele steun ervaar. Dit laat veral haar linkervangbeen baie meer prominent lyk, wat eienskappe van die leier en versorger verteenwoordig. Waar sy dalk vroeër opgekyk het na haar ouboet, neem sy deesdae die leiding as sy steunpilaar. Sy deel drukkie uit en koester so hul verhouding.

Aimée se bolip is heelwat dunner – sy praat nie graag oor persoonlike sake nie. Haar afgeremde mondhoek wys sy is skepties en hartseer. Haar ken lyk nou minder prominent, dus sal sy konflik kalmer en versigtiger as voorheen hanteer. Op verskeie foto's trek sy skynbaar onbewustelik haar gesig só dat duikies op die vlesige deel van haar ken wys. Dis veral terwyl sy aandagtig in die hof sit en luister en is 'n tydelike nie-verbale vorm van kommunikasie. Mense wat permanent hierdie eienskap het, is geneig om altyd die ergste te verwag. Net sy sal weet wat in haar gedagtes aangaan.



Verkorte uittreksels uit *Legkaart van jou gesig – Fisionomie in 'n neutedop* deur *Marthie Maré* (Lapa-uitgewers, 2014, R184,95)

Besoek ook www.faceprofiles.co.za

Om te weet

Fisionomie is die studie van die gesig. Hiervolgens word iemand se karaktertrekke ontleed deur sy gelaatstrekke te bestudeer.

Die fisioom *Marthie Maré*, wat voor sy 'n studie oor die onderwerp gedoen het, “self eers baie skepties was” dat jy 'n persoonlikheidsprofiel van iemand kan saamstel deur slegs hul gelaatstrekke te bestudeer, sê reaksies oor fisionomie wissel van “ek glo nie daarin nie” tot “is jy 'n fortuinverteller?”.

Sy sê dis moeilik om 'n boksie te vind waarin fisionomie gebêre kan word. “Mense het al gesê dit hoort by sielkunde, ander reken dit moet by onderwysers se opleiding ingesluit word. Sommige akademië beskou dit geensins as 'n wetenskap nie, ander wel.”

Marthie beskryf fisionomie as 'n “ongelooflik nuttige hulpmiddel wat almal op 'n praktiese en positiewe manier in hul daaglikse lewe kan gebruik. Dit help jou om jou ware self, lewensmaat, kinders, vriende, kennisse, kollegas, sakevennote en kliënte beter te verstaan.”

Sy benadruk dat jy nie net een of twee eienskappe kan gebruik om iemand op te som nie. Met fisionomie moet jy letterlik die legkaart van die gesig stukkie vir stukkie ontleed om die volledige prentjie van iemand se karakter te kry.

LINKS

VS.

REGS

DIE LINKERKANT van jou gesig verteenwoordig jou privaat persona*. Dit is die kant wat jy net wys aan familie en goeie vriende by wie jy tuis voel.

DIE REGTERKANT is jou openbare persona*, die kant wat jy wys aan kollegas, kennisse en nuwe mense. Dis die beeld wat jy wil hê ander moet sien.



Vir meer oor *Marthie Maré* en haar boek *Legkaart van jou gesig – Fisionomie in 'n neutedop* (Lapa, 2014), besoek SARIE.com

STEVE HOFMEYR

Steve se deurstettings-vermoë kan in sy sterk kakebeen gesien word. Hy kan vasbyt en is besonder toegewyd. Dit word veral bevestig deur sy diep toewydingsplooï (die enkel vertikale lyn tussen sy wenkbroue). Afgesien van hierdie plooï, is daar 'n paar ander vertikale plooïtjies tussen sy wenkbroue. Dit dui op perfeksionisme.

Die passie waarmee hy die lewe aanpak, kan onder meer duidelik gesien word in die diep horisontale plooï op sy voorkop. Sy haarlyn vorm 'n spits punt in die middel wat sy kreatiewe denke aandui.

Die dikte van sy wenkbroue is gemiddeld, wat beteken dat dit vir hom ewe maklik is om dinge te vereenvoudig of te kompliseer. Daar groei ook 'n paar wilde hare tussenin wat op sy sg. "wilde idees" wys.

Die grootte van jou ooglede dui jou behoefte aan intimiteit aan. Steve se linkerooglid (privaat persona) is meer prominent – hy is gemaklik om sy hartsense naby aan hom toe te laat.

Sy analitiese geaardheid word deur die lae septum (vlesige deel tussen neusgate) aangedui. Steve is nuuskierig en sal alles ondersoek, oorweeg.

Sy prominente oogbanke dui op 'n ongekende bewustheid van sy onmiddellike omgewing. Sy waarnemingsvermoë word versterk deur sy visuele denkwys (skuins voorkop) en hy het dus 'n baie goeie geheue.

Daar is 'n duikie op sy neusbrug. Dit beteken hy het geleer om op homself staat te maak en het beslis nie enige illusies dat daar vir hom gesorg sal word sonder dat hy sy deel bydra nie.

Niemand sou kon raai Steve is eintlik 'n skaam ou wat veral nie voor 'n groot gehoor gemaklik voel nie. Sy smal mond wys hy verkies een-tot-een-gesprekke. Sy voortande is nie besonder groot nie, wat anders as wat algemeen aanvaar word, beteken hy het nie 'n besonder groot ego nie en kan selfs 'n bietjie skaam wees. Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hoe 'n mens nie net een of twee eienskappe kan gebruik om iemand op te som nie.

Kyk jy na sy oogtande sal jy merk dis prominent en skerp, wat mededingendheid aandui.



AMORE BEKKER

Amore het 'n reguit voorkop, wat aandui dat sy haar gedagtes logies kan orden. Sy weet in watter volgorde dinge op mekaar moet volg en hou nie daarvan dat ander dit deurmekaar krap nie.

Haar reguit wenkbroue wys sy is op feite ingestel en mense wat te veel praat en onnodig uitwei, sal nie haar aandag hou nie. Amore se linkerenkbrou vorm 'n spits puntjie – sy hou daarvan om in beheer van haar situasie tuis te wees.



Tussen haar wenkbroue is twee vertikale plooïtjies (kritiekplooïe). Dit beteken sy is baie krities oor haarself. Sy verwag dus baie meer van haarself as wat sy noodwendig van ander sal verwag. Die frustrasieplooï aan haar regterkant (openbare persona) wys dat sy by die werk en/of in die openbaar frustrasie en/of woede onderdruk. Die talent wat hieruit ontwikkel, is diplomasie.

Die frustrasieplooï aan haar linkerkant begin in 'n toewydingsplooï verander. Sy het al heelwat frustrasie in haar persoonlike lewe ervaar. Sy het egter aandag hieraan gegee en werk moontlik aan nuwe doelwitte.

Die geheimplooï om haar mond wys sy verwag dat ander haar persoonlike ruimte respekteer en sal op haar beurt ook dieselfde respek toon.

Amore het 'n vertikale lyn op haar filter (die slootjie tussen die neus en bolip). Dié deel wat met seksualiteit verband hou, wys dat sy 'n erge teleurstelling ervaar (wat verhoudings betref) het, wat haar realiteit daarvoor verander het.

AMORE SE KOMMENTAAR

Ja, ek verkies om alleen te werk, juis omdat ek nie daarvan hou dat ander my volgorde kom deurmekaar krap nie.

Toe ek hoor ek onderdruk frustrasie en neem dalk te veel verantwoordelikheid op my skouers, het ek onmiddellik verlof ingesit en vir twee weke alleen gaan vakansie hou.

Dit is so waar dat ek 'n behoefte het aan persoonlike ruimte en nie mense toelaat om ongenooï hierdie ruimte te betree nie.

En dis reg, ek het 'n erge teleurstelling gehad wat verhoudings betref. My lewensmaat is in 2009 in 'n vliegongeluk dood. Dit was traumaties, maar aan die ander kant het die ervaring my wonderlike insigte gegee oor my geestelike reis op hierdie aarde.

■

STEVE SE KOMMENTAAR

Verstommend. Ek het niks daarop te sê nie. Ek voel half dood gekomplimenteer. Ek kan niks uitwys as vreemd nie, behalwe dat my geheue ook maar net goed is wanneer ek dinge as belangrik identifiseer, die res verloor ek graag. Janine sal nie kan wag om dit onder oë te kry nie.